AfriForum
'n Inisiatief van Solidariteit
An initiative of Solidarity

**(Vereniging ingelyf kragtens Artikel 21 – Reg. No. 2005/042861/08 – 054-590-NPO)**

22 April 2010

Die Minister van Water- en Omgewingsake
Minister Buyelwa Sonjica
Schoemanstraat 185 – Sedibenggebou
PRETORIA

[Per Hand]

Geagte Minister

AfriForum bring graag tien punte wat omgewingsbewaring betref onder u aandag. Dit is kwessies wat prioriteit behoort te geniet, en ons vertrou dat u die nodige aandag hieraan sal skenk.

**Samewerking met Departemente van Minerale Hulpbronne en Energiesake**

Eerstens sal ons graag wil sien dat samewerking met die departemente van Minerale Hulpbronne en Energiesake bevorder word. Die optrede van dié departemente het 'n groot invloed op die omgewing. Dit is dus belangrik dat die departement van Omgewingsake insae kan hê in byvoorbeeld die uitreik van mynboulisensies, asook 'n moniteringsrol kan speel om te verseker dat myne die nodige regulasies wat omgewingsbewaring betref, nakom. Ons wil aanbeveel dat 'n forum op die been gebring word waar verteenwoordigers van die departemente omgewingsaangeleenthede kan bespreek. Dit is egter ook belangrik dat onafhanklike verteenwoordigers op die forum dien om die geloofwaardigheid daarvan te bevorder.

**Samewerking met Departement Behuising**

'n Verdere voorstel is dat u departement met die van Menslike Nedersetting skakel om te verseker dat nuwe behuisingsskemas wat deur laasgenoemde departement opgerig word, nie negatiewe gevolge vir die omgewing inhou nie. 'n Voorbeeld hiervan is 'n ontwikkeling in die Mookgophong Munisipaliteit (Naboomspruit) waar huise nie met water en elektrisiteit toegerus is nie. Die gevolg is dat daar rioleringsprobleme ontstaan en inwoners inheemse bome afkap om kos mee te maak en water te kook.

**Blou Druppel-verslag**

Die ontbrekende data met die samestelling van die Blou Druppel-verslag is kommerwekkend. ’n Hele aantal munisipaliteite waar kommer reeds oor die kwaliteit van drinkwater bestaan, het ontbrekende of geen data aan die departement voorsien vir die samestelling van die verslag nie. Ons sal graag wil sien dat ’n onafhanklike moniteringsliggaam aangewys word om die verkryging van data by munisipaliteite te bestuur.

**Opvoeding van Skoliere**

Dit is belangrik dat skoliere opgevoed word oor omgewingsbewaring, maar dat die opvoeding ook kennis oor herwinning en alternatiewe energie insluit. Oor ’n paar jaar is hulle aan die stuur van sake en sal hulle ’n groot bydrae tot omgewingsbewaring kan lewer as hulle reeds ’n behoorlike agtergrond het.

**Munisipale Vullisstortingsterreine**

AfriForum wil verder aanbeveel dat die moontlikheid om munisipale vullisstortingsterreine in herwinningsaanlegte te omskep, ondersoek word. Dit sal ’n bydrae lewer tot omgewingsbewaring, en kan ook ’n inkomste vir munisipaliteite genereer.

**Gemeenskapsbetrokkenheid**

Ons beveel aan dat gemeenskapsprojekte geloods word om onder meer skoonmaakaksies aan te pak. Dit bevorder gemeenskapsbetrokkenheid en die fondse wat die herwinning van vullis genereer, kan vir gemeenskapsopheffing aangewend word.

**Deursigtigheid op Munisipale Vlak**

AfriForum werk tans saam met die Inwonersvereniging van Naboomspruit om inligting wat met die kwaliteitbeheer van water verband hou, by die munisipaliteit te kry. Ondanks verskeie skrywes en ’n gesprek met die munisipale bestuurder, is watertoetse en omgewingsimpakstudies steeds nie aan die gemeenskap beskikbaargestel nie. Inwoners is geregtig om te weet wat die kwaliteit van hulle drinkwater is en daarvoor is toeganklikheid en deursigtigheid van die plaaslike regering se kant af noodsaaklik.

**Herwinningsasblikke**

Herwinningsasblikke moet in openbare gebiede, insluitend by universiteite, skole en winkelsentrums, geplaas word.

**Watervriendelike Kentekens**

'n Kenteken moet ontwikkel word wat maatskappye op hulle produkte kan plaas as hulle kan bewys dat hulle 'n omgewingsvriendelike werkswyse het. Dit sal ook verbruikersbewussyn in die verband kweek.

**Betaal vir wat Jy Kry**

Munisipaliteite wat nie die versekering kan gee dat hulle water van 'n drinkbare gehalte is nie, moet gepenaliseer word en 'n noodplan moet geskep word om sulke probleme so gou as moontlik aan te spreek en reg te ruk. Indien 'n verbruiker ontevrede is met 'n produk wat hy by 'n winkel aanskaf, neem hy dit terug en eis sy geld terug. Net so behoort gemeenskappe geregtig te wees tot korting indien hulle water nie van 'n aanvaarbare standaard is nie.

- - - - - - - - - - - - - -

Ons vertrou dat u ernstige oorweging aan die voorstelle sal skenk en sien daarna uit om van u te hoor.

Beste wense

***James Kemp***
***Omgewingswoordvoerder***
***AfriForum***
***groen@afriforum.co.za***
***T: 086-10-200-30***
***F: 012-6641281***